

14 Julie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 11:8-15 (OAV)

Fokusgedeelte: Deuteronomium 11:12, 14

Die HERE is die God wat heeljaar sorg – en tot in ewigheid!

Israel nader die einde van die woestynreis. Voor hulle lê 'n nuwe lewe in die land van belofte. Die HERE het vir hulle lewensruimte gemaak. Hoe moet hulle die lewensruimte gebruik?

Gebruik God se lewensruimte met die vaste geloof dat Hy heeljaar sorg. Vers 10-12 stel Egipte teenoor Kanaän.

- In Egipte gebruik die boere besproeiingskanale om gesaaides op kunsmatige manier uit die Nylrivier nat te maak. Elke boer moet self vir sy lande sorg.
- Maar in Kanaän sorg die HERE! En Hy sorg heeljaar (vs 11-12, 14), want Hy is die getroue Verbondsgod.

Ons sien elke dag sy troue sorg, in voorspoed en teëspoed. In lyding en in vreugde is en bly Hy die God wat elke oomblik sorg. Hy sorg altyd vir kos en kleres en woonplek. Hy sorg vir alles in jou lewe. En sy sorg word nie eers deur die dood gestuit nie, want Hy sorg tot in ewigheid! Jesus Christus het ewige lewensruimte gemaak vir elkeen wat glo.

Daarom moet ons Hom dank vir sy genade deur die lewensruimte te gebruik om Hom voluit lief te hê en voluit te dien in gehoorsaamheid aan sy Woord. Dit is nie 'n slaafse gehoorsaamheid uit vrees vir straf nie, maar gehoorsaamheid uit ware liefde (vs 13). Die liefdesgehoorsaamheid kry gestalte in liefdesdiens. En liefde wek liefde!

Kyk hoe werk die liefde van die HERE in 'n sirkel. Hy bewys sy liefde aan ons deur Christus wat vir ons lewensruimte maak. Ons antwoord daarop deur heelhartige liefdesdiens. En Hy antwoord weer deur liefdevolle versorging met alles wat ons nodig het om in sy lewensruimte te lewe.

Dank Hom vandag en elke dag voluit, omdat Hy die HERE is wat heeljaar vir jou sorg!

Sing: Psalm 147:1, 4, 5 (1936-beryming)

Ds AP Krüger (Welkom)